basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

SIVIELE TEGNOLOGIE: HOUTBEWERKING

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 10 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

BENODIGDHEDE

1. Tekeninstrumente
2. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar
3. ANTWOORDEBOEK

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord elke vraag as 'n geheel. MOENIE onderafdelings van vrae skei NIE.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Jy mag sketse gebruik om jou antwoorde te illustreer.
9. Skryf ALLE berekeninge en antwoorde in die ANTWOORDEBOEK of op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE.
10. Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
11. Maak tekeninge en sketse met potlood, volledig gemaatskryf en netjies met beskrywende opskrifte en aantekeninge afgerond, in ooreenstemming met die *SANS/SABS se Gebruikskode vir Boutekenepraktyk.*
12. Vir die doel van hierdie vraestel moet die grootte van 'n steen as 220 mm x 110 mm x 75 mm geneem word.
13. Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
14. Beantwoord VRAAG 2, 3.1, 3.2, 3.3, 3.4, 4.6, 5.5, 5.6, 6.5 en 6.6 op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE en gebruik tekeninstrumente, waar nodig.
15. Skryf jou SENTRUMNOMMER en EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD en lewer dit saam met jou ANTWOORDEBOEK in, al het jy dit nie gebruik nie.
16. Tekeninge in die vraestel is NIE volgens skaal NIE as gevolg van elektroniese kopiëring.
17. Google Images is as die bron van alle foto's en prentjies gebruik.
18. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: WBGV, MATERIALE, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN HEGTING (GENERIES)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

1.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 Beton.

1.1.1 Instandhoudingswerk op 'n bouershyser moet ten minste (een keer per jaar/twee keer per jaar) uitgevoer word. (1)

1.1.2 'n Boksteier moet nie gebruik word indien dit 'n hoogte van (3 m/2 m) oorskry nie. (1)

1.1.3 (Skutrelings/Skopplate) moet ten minste 900 mm bokant die steierplatform geïnstalleer word. (1)

1.1.4 'n Steier moet geïnspekteer word (gedurende slegte weer/ná slegte weer) sodat dit gebruik kan word. (1)

1.1.5 Die werkplatform vir hangsteiers moet nie die wydte van (1,6 m/1,8 m) oorskry nie. (1)

1.1.6 Wanneer daar op verhewe areas gewerk word, moet afvalmateriaal verwyder word deur (dit by 'n venster uit te gooi/'n vervoerband te gebruik). (1)


1.1.7 Steierraamwerke moet ten minste (een keer per maand/een keer per week) geïnspekteer word. (1)

1.1.8 'n Leer moet met (glyvaste toestelle/hake) aan die onderkant van die style toegerus wees. (1)

1.1.9 Deure en hekke wat direk op 'n trap oopmaak, moet 'n platform hê wat ten minste (510 mm/375 mm) oorskry. (1)

1.1.10 Die (kop/krukas) is NIE 'n deel van 'n bout NIE. (1)

1.2 Watter aansig hieronder verteenwoordig die boaansig van 'n seskantflens?



A **B** **C** **D** (1)

1.3 Rawlboute word volgens spesifikasies gekoop. Noem enige TWEE van hierdie spesifikasies. (2)

1.4 As 'n kontrakteur is jy besig met die finale afwerkings van 'n badkamer. Jy moet die plafon verf.

1.4.1 Noem TWEE kategorieë van verf. (2)

1.4.2 Verduidelik TWEE redes om die plafon te verf. (2)

1.5 Voorspel die gevolg indien die laserwaterpas NIE korrek op die driepoot opgestel word NIE. (1)


1.6 Beskryf wat gedoen moet word nadat 'n laserwaterpas per ongeluk geval het om die akkuraatheid daarvan te verseker. (1)

1.7 Beskryf hoe jy die teleskoop sal versorg nadat die bukswaterpas gebruik is. (1)
[20]

VRAAG 2: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (GENERIES)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

FIGUUR A en FIGUUR B op die volgende bladsy toon tekeninge wat op 'n bouplan voorkom. Analiseer die tekeninge en voltooi die tabel op ANTWOORDBLAD 2.



FIGUUR A

NOTAS:
Kontrakteurs moet alle afmetings en vlakke op die terrein verifieer voordat daar met werk begin word.

Argitekte moet dadelik van enige afwykings in kennis gestel word.


Aluminiumgeute en -afvoerpype moet aan die woning geheg word.

Dak: Geweldak

Veselsement-vensterbanke moet onder elke venster geïnstalleer word.

Argitek se handtekening …….....


Kliënt se handtekening .....



FIGUUR B

HERSIENING 1	DATUM: 14/04/2026	TEKEN VAN ELEKTRIESE MUUR-PROPPE
GEDRUK DEUR: AFRIQ DRUKKERS	DATUM GEDRUK: 20/04/2026	
TEKENINGTITEL: AANSIG EN VLOERPLAN		
PROJEK: VOORGESTELDE WOONHUIS VAN ME. DALI OP ERF 27, MALVASTRAAT, UMLASI		
PROJEK NR.: GR 288-444	TEKENING NR.: 886P2	
DATUM: 12/04/2026	GETEKEN: DP FOX	NAGEGAAN: G PHIRI
AANSIG	SKAAL 1 : 100	
VLOERPLAN	SKAAL 1 : 100	
VERWYSINGSKODE: QP 6 – 2026		

VENSTERSKEDULE




[40]

VRAAG 3: KASTE, SWAAIRAME, MUURPANELE EN HOEVEELHEDE (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 FIGUUR 3.1 hieronder toon die vooraansig van 'n vrystaande kas met 'n deur, 'n laai en oop rakke. Die rugstuk van die kas is van 16 mm-melamienbord gemaak wat aan die agterkant van die kas vasgespyker is.

Gebruik ANTWOORDBLAD 3.1, en projekteer en teken 'n deursneeaansig op snyvlak **D-D** vanaf die gegewe aansig.




FIGUUR 3.1 (6)

3.2 ANTWOORDBLAD 3.2 toon die onderste deel van die vertikale deursneeaansig van 'n kalfsreling vir 'n dubbelswaairaamvenster met 'n bolig.

Gebruik die gegewe inligting op ANTWOORDBLAD 3.2 en teken SLEGS die boreling van die swaairaam wat 'n randbestryk toon en die reling wat gedeeltelik in die kalfsreling in gesponning is. (7)

3.3 FIGUUR 3.3 hieronder toon die vloerplan van 'n stoorkamer met 'n geweldak.



FIGUUR 3.3

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Die oorhang by die gewelente is 200 mm.
- Die lengte van een nokplaat is 1 500 mm.
- Die lengte van een gegolfde sinkplaat is 3 600 mm.

Gebruik ANTWOORDBLAD 3.3 en bereken die volgende. Rond jou finale antwoord tot TWEE desimale plekke af.

3.3.1 Die totale getal nokplate benodig (4)

3.3.2 Die totale oppervlakte van dakbedekking benodig (4)

LET WEL: 'n Punt sal vir die korrekte gebruik van die afmetingspapier toegeken word. (1)

3.4 ANTWOORDBLAD 3.4 toon 'n onvoltooide vooraansig van die onderste deel van muurpaneelwerk en 'n deursneeaansig van 'n steenmuur en betonvloer.

Gebruik ANTWOORDBLAD 3.4 en projekteer en teken die deursneeaansig op **A-A**. (8)
[30]

VRAAG 4: DAKKE, PLAFONNE, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN MATERIALE (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.7 D.

4.1.1 … het die nadeel dat dit kwesbaar vir vuur is.

A Gegolfde sinkplaat
B Betondakteëls
C Grasdakke
D Al die bogenoemde (1)

4.1.2 Watter materiaal word as 'n onderlegsel vir teëldakke gebruik?

A Aluminiumfoelie
B Polipropileenmembraan
C Vogweerlaag
D Metaalwaterdigting (1)

4.1.3 Voëls word verhoed om in die dakruimte nes te maak met behulp van ...

A oop dakrande.
B kortsparre.
C toe dakrande.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

4.1.4 ...-dakke het geen style, stutte of nokbalke nie en bestaan slegs uit daksparre.

A Hoofstyl
B Bindhout
C Af
D Sparbint (1)


4.1.5 'n … dak hel afwaarts in twee dele teen 'n hoek vanaf die nok.

A Skild-
B Plat
C Kiel-
D Gewel- (1)

4.1.6 Kaplatte word met ... aan dakkappe geheg.

A 'hurricane'-klemme
B stormklemme
C spykerplate
D kaphangers (1)

4.2 FIGUUR 4.2 hieronder toon verskillende houtbewerkingsmasjiene.



FIGUUR 4.2


4.2.1 Identifiseer masjiene **A** en **B**. (2)

4.2.2 Beskryf waarom dit raadsaam is om masjien **B** aan die vloer te monteer. (2)

4.2.3 Beskryf die gevolg daarvan om hout teen die skuurmateriaal te forseer wanneer masjien **A** gebruik word. (2)

4.2.4 Verduidelik hoekom jy 'n veiligheidsbril moet dra wanneer jy met masjien **A** werk. (1)

4.3 FIGUUR 4.3 hieronder toon 'n stuk gegradeerde hout wat vir vloerlyste gebruik gaan word.



FIGUUR 4.3


4.3.1 Noem die metode van gradering wat gebruik word. (1)

4.3.2 Bespreek TWEE voordele van hierdie graderingsmetode. (2)

4.3.3 Noem TWEE faktore wat oorweeg moet word wanneer hout vir vloerlyste gekies word. (2)

4.3.4 Verduidelik hoekom jy *lakvernis* eerder as *vernis* sal verkies om hout te preserveer. (1)

4.4 FIGUUR 4.4 hieronder toon 'n onvoltooide deursneeaansig van die voet van 'n dakkonstruksie met 'n oop dakrand.



FIGUUR 4.4

4.4.1 Identifiseer dele **A**, **B** en **C**. (3)

4.4.2 Noem TWEE nadele van oop dakrande. (2)

4.5 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.5.1 tot 4.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.5.1 ...-rame vir valdeure is liggewig en verskaf 'n meer estetiese afwerking. (1)

4.5.2 Konvensionele valdeure maak na die ... van die dak oop. (1)

4.5.3 ... word gebruik om 'n vaste plafon te ondersteun en word direk aan die onderkant van die bindbalk vasgemaak. (1)

4.5.4 ... kan as 'n alternatief vir houtstroke gebruik word. (1)

4.5.5 Die ... van 'n valdeur kan uit gipsplafonbord, blokbord, veselsement of metaal gemaak word. (1)

4.6 Gebruik ANTWOORDBLAD 4.6 en teken, volgens skaal 1 **:** 20, 'n sparbint-dakkap op die twee buitemure en muurplate wat voorsien is.

Gebruik die volgende spesifikasies:


- Die dakkap moet pas op die twee mure en muurplate wat op die antwoordblad voorsien is.
- Die oorhang is 300 mm.
- Die helling van die dak is 30°.
- Die hout wat vir die dakkap gebruik word, is 114 x 38 mm en 228 x 28 mm. (11)

[40]

VRAAG 5: FORMELE, BEKISTING, SKORING EN GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

5.1 FIGUUR 5.1 hieronder toon 'n deel van 'n staanskoor.




FIGUUR 5.1

5.1.1 Identifiseer dele **B** en **C**. (2)

5.1.2 Verduidelik die funksie van deel **A**. (1)

5.1.3 Wat word die hegstuk genoem wat gebruik word om die voeg tussen **A** en **B** te verstewig? (1)

5.2 FIGUUR 5.2 hieronder toon die lyndiagram van 'n dakkap.




FIGUUR 5.2

5.2.1 Identifiseer die dakkap. (1)

5.2.2 Wat is die maksimum spanwydte van hierdie tipe dakkap? (1)

5.3 FIGUUR 5.3 hieronder toon 'n verspande vierkantige kolom.

Verduidelik hoekom die afstand tussen die jukke sal afneem nader aan die onderkant van die bekisting vir die vierkantige kolom.



FIGUUR 5.3 (2)

5.4 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (5.4.1 tot 5.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.4.6 Bordes.

bekisting; klamp; wigpaar; muurtrapboom; voetstuk; tussenstuk; optree; vormolie; steunstuk; spalkplaat

5.4.1 Word aan die binnekant van bekistingpanele aangewend om die verwydering van die bekisting te vergemaklik (1)

5.4.2 Verskaf 'n gelyke, soliede en ferm oppervlak om te verhoed dat 'n stut sak (1)

5.4.3 Maak voorsiening vir die verhoging en verlaging van die bekisting tot die vereiste hoogte (1)

5.4.4 'n Tydelike vorm waarin nat beton gegiet en gekompakteer word om 'n vereiste vorm te verkry (1)

5.4.5 Word gebruik om die kop van 'n stut aan 'n draer vas te maak (1)

5.5 ANTWOORDBLAD 5.5 toon 'n onvolledige deursnee-boaansig van die helfte van die bekisting vir 'n vierkantige kolom. Die betonkolom en die bekistingsbord se sye word getoon.

Gebruik ANTWOORDBLAD 5.5 om die onderste helfte van die bekisting in goeie verhouding te voltooi. Toon AL die weggelate dele. (10)

5.6 ANTWOORDBLAD 5.6 toon die helfte van 'n onvolledige vooraansig van die formeel/sentrering vir 'n halfronde boog waarop oop formeellatwerk gepas moet word.

Gebruik ANTWOORDBLAD 5.6 om die tekening van die formeel/sentrering vir die halfronde boog te voltooi. Toon AL die weggelate dele. (7)

[30]

VRAAG 6: HANGVLOERE, TRAPPE, YSTERWARE, DEURE EN VERBINDINGS (SPESIFIEK)


Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

6.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.1.7 J.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	Skroewe	A	word op dakteëls gebruik om stukkende teëls te vervang
6.1.2	Dakteëls	B	word aan die muur vasgeheg deur boute wat in die muur ingebed word
6.1.3	Spykerplate	C	word gebruik om komponente van 'n dakkap vas te heg
6.1.4	Muurplaat	D	moet na elke derde ry met spykers vasgekap word
6.1.5	Dakhake	E	word gebruik om kaplatte aan daksparre vas te heg
6.1.6	'Hurricane'-klemme	F	'n dakbedekking wat koel is in die somer en matig in winter
		G	word gebruik om 'n skarnier aan 'n deur en 'n kosyn vas te heg
		H	word gebruik om dele van 'n dakkap teen hoeke van 45° en 90° vas te heg

(6 x 1) (6)

6.2 FIGUUR 6.2 hieronder illustreer TWEE verskillende tipes slotte.




FIGUUR 6.2

6.2.1 Identifiseer slotte **A** en **B**. (2)

6.2.2 Onderskei tussen slot **A** en slot **B** in terme van hulle gebruik. (2)

6.2.3 Onderskei tussen 'n *oplêslot* en 'n *insteekslot* in terme van die gebruik van die slot. (2)

6.3 FIGUUR 6.3 hieronder toon 'n deel van die deursneeaansig van 'n steenmuur met 'n binnedeurkosyn.



FIGUUR 6.3

Identifiseer dele **A** en **B**. (2)


6.4 Onderskei tussen 'n *reguit traparm met 'n bordes in die middel* en 'n *trapkuil met 'n halwe bordes* deur middel van TWEE sketse van die boaansig van hierdie trappe in jou ANTWOORDEBOEK.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Toon DRIE trappe voor en DRIE trappe ná die bordes in ELKE tekening.
- Drukskryf die titel onderaan ELKE tekening. (8)

6.5 FIGUUR 6.5 hieronder toon 'n deel van die boaansig van 'n grondvlak-houthangvloer met snylyn **A-A**.

Gebruik ANTWOORDBLAD 6.5 en voltooi die tekening van die vertikale deursnee op **A-A**. Toon AL die weggelate onderdele, die vloerlys en kwartrondlys uitgesluit.



FIGUUR 6.5 (8)

6.6 FIGUUR 6.6 op ANTWOORDBLAD 6.6 toon die uitskuif- isometriese aansig van 'n reling met 'n borstap en die onvoltooide styl.

Gebruik ANTWOORDBLAD 6.6 om die verborge besonderhede van die tapgat in die styl te projekteer en te teken. Gebruik die tap as verwysing. (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 2

NR.	VRAE	ANTWOORDE	PUNTE
1.	Watter aansig word in FIGUUR **A** getoon?		1
2.	Identifiseer nommer **1**.		1
3.	Identifiseer nommer **2**.		1
4.	Identifiseer nommer **3**.		1
5.	Wat stel die afkorting VVV in FIGUUR **A** voor?		1
6.	Skryf die afkorting vir nommer **5** neer.		1
7.	Identifiseer nommer **6**.		1
8.	Identifiseer nommer **7** en toon die totale getal van hierdie toebehore wat in hierdie gebou geïnstalleer is.		2
9.	Wat word die afstand tussen die muur en die ent van die dak, soos deur nommer **8** aangedui, genoem?		1
10.	Verduidelik die doel van nommer **9**.		1
11.	Hoeveel eenweg-dubbelpool-skakelaars is in die gebou?		1
12.	Hoeveel spoelklosette is in die gebou geïnstalleer?		1
13.	Noem TWEE elektriese installasies wat by nommer **10** weggelaat is.		2
14.	Identifiseer nommer **11**.		1
15.	Lei van die notas-kolom af watter tipe dak in FIGUUR **A** geïllustreer is.		1

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													


16.	Lei van die notas-kolom af wat onder elke venster geïnstalleer moet word.		1
17.	Van watter tipe materiaal moet nommer **4** vervaardig word?		1
18.	Lei van die notas-kolom die afmetings van venster **1** af.		2
19.	Op watter erf sal die nuwe woning opgerig word?		1
20.	Teken die simbool vir pleister.		2
21.	Teken die simbool vir grondvulling.		3
22.	Bereken die vloeroppervlakte van die badkamers wat geteël moet word. Gee jou antwoord in vierkante meter en toon ALLE berekeninge.		5
23.	Bereken die totale lengte van die muur aan die westekant van die gebou. Gee jou antwoord in meter en toon ALLE berekeninge.		8
		TOTAAL:	**40**

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 3.1



SNYVLAK D-D


ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	1	
3	1	
4	2	
5	1	
TOTAAL:	**6**	

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 3.2



ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	2	
2	1	
3	1	
4	1	
5	1	
6	1	
TOTAAL:	**7**	

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 3.3

AFMETINGSPAPIER

3.3.1

A	**B**	**C**	**D**
			Getal nokplate benodig:

(4)

3.3.2

A	**B**	**C**	**D**
			Oppervlakte van dakbedekking benodig:
			Korrekte gebruik van afmetingspapier


(4)
(1)

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 3.4



VOORAANSIG

DEURSNEEAANSIG A-A

ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	1	
3	2	
4	1	
5	1	
6	1	
7	1	
TOTAAL:	**8**	


Kopiereg voorbehou


SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 4.6

ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	4	
3	1	
4	2	
5	1	
6	2	
TOTAAL:	**11**	






Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 5.5




ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	2	
3	3	
4	2	
5	2	
TOTAAL:	**10**	

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 5.6




ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	1	
3	1	
4	2	
5	2	
TOTAAL:	**7**	

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 6.5




ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	1	
3	1	
4	1	
5	1	
6	1	
7	1	
8	1	
TOTAAL:	**8**	

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER:							

EKSAMENNOMMER:													

ANTWOORDBLAD 6.6



FIGUUR 6.6

ASSESSERINGSKRITERIA		
NR.	**PUNT**	**KANDIDAAT SE PUNT**
1	1	
2	4	
3	3	
4	2	
TOTAAL:	**10**	

Kopiereg voorbehou